

# Hervormingssondag: Galasiërs 3:23-29

## Opening

Verwelkom almal terug by groeptyd. Laat almal een hoogtepunt en een laagtepunt van julle week deel.

## Aanknopingsaktiwiteit

Deel vir elke groepslid +- 10 geld note uit. Verduidelik aan hulle dat hierdie geld baie belangrik is, want net nou gaan hulle deur middel van 'n veiling baie belangrike goed daarmee kan koop. Die doel is dus dat jy moet probeer om soveel geld as wat jy kan bymekaar te maak met die volgende stappe: *(Jy kan die stappe aanpas soos prakties vir jou groepsopset is)*

1. Almal wat plakkies aan het moet 2 note aan die persoon regs van jou gee.
2. Almal wat lang hare het kan 3 note vat by enige iemand wat hulle kies.
3. Almal wat honde as troeteldiere by die huis het moet een noot vir elke hond wat hulle het in die middel van die kring sit.
4. Wie het almal katte? Neem die note wat in die middel van die kring is en verdeel dit gelykop tussen almal wat katte het. Skeur die note in die helfte/derdes ens. indien dit nodig is.
5. Almal wat nog nie verjaar het nie kan een noot by elke lid van die groep kry.
6. Die persoon wat die langste hulle asem kan ophou kan 2 note by elke groepslid kry.
7. Almal wat iets blou aan het moet 2 note aan die persoon regs van hulle gee.
8. Almal wat 'n "E" in hulle naam het moet 1 noot van die persoon regs van hulle ontvang.

Alternatiewelik kan elke groepslid 10 papier note ontvang. Verduidelik dat julle nou 6 rondtes "Rock, paper, scissors" gaan speel. Elke keer as jy verloor, moet jy een noot vir die wenner gee. Na elke rondte moet jy iemand anders soek om teen te speel. Laat die groep elkeen 'n vriend kry en begin.

Laat elkeen dan nou hulle geld tel (by hulself) en regmaak vir die veiling. Verduidelik dat daar wonderlike dinge op die veiling vandag is en ons gaan kamma-kamma speel om hierdie goed te koop. Jy moet jou geld goed bestee en mooi kies wat jy wil koop, want die beste word DALK gehou vir laaste. Maak hulle opgewonde om die wonderlike items te koop.

1. Die eerste item te koop is 'n "get out of school card": jy hoef vir die res van jou lewe nooit weer skool toe te gaan nie en jy sal oornag al die kennis kry wat jy ooit mag nodig hê.
  - Laat ons hoor hoeveel kry ek vir hierdie item. Bie dan die item af vir die hoogste waarde. Moedig die groep om deel te neem en stoot die prys op ens. En "verkoop" dit aan die hoogste bie.
2. Die tweede item te koop is 'n wettige kar lisensie wat jy nou al mag gebruik, plus jy gaan sommer self weet hoe om te bestuur en jy mag enige kar op aarde kies wat jy wil ry.
  - Laat ons hoor hoeveel kry ek vir hierdie item. Bie dan die item af vir die hoogste waarde. Moedig die groep om deel te neem en stoot die prys op ens. En "verkoop" dit aan die hoogste bie.
3. Enige iets wat jy wens vir die volgende 48 uur sal dadelik waar word.
  - Laat ons hoor hoeveel kry ek vir hierdie item. Bie dan die item af vir die hoogste waarde. Moedig die groep om deel te neem en stoot die prys op ens. En "verkoop" dit aan die hoogste bie.
4. Die laaste item op die veiling: "Jy gaan hemel toe- no questions asked" – kaart.
  - Laat ons hoor hoeveel kry ek vir hierdie item. Bie dan die item af vir die hoogste waarde. Moedig die groep om deel te neem en stoot die prys op ens. En wanneer almal hul geld spandeer het stop die veiling en sê niemand van julle het genoeg geld hiervoor nie. Julle moet maar 'n plan maak om meer geld te kry of niemand van julle gaan hemel toe gaan nie.

Laat die groep reageer voor jy verder gesels. Noem dat nogal belaglik is dat mense dink jy kan jou plek in die hemel koop of seker dinge doen om jou plek daar te verdien.

Verduidelik dat dit vandag Hervormingssondag is. Vra of iemand weet wat dit is?

*Baie jare terug was die Bybel slegs in Grieks, Hebreeus en Latyns beskikbaar. Baie min mens kon daardie tale praat en kon dus nie die Bybel lees nie. Bybels was ook baie duur so gewone mense kon dit nie bekostig nie. As jy wou weet wat in die Bybel staan moes jy kerk toe gaan sodat die priester vir jou kon sê wat daarin staan. Dit het dan gebeur dat party mense gedink het dat hulle nie goed genoeg vir God was nie, of party mense het gedink dat net sommige mense goed genoeg vir God was. Dan het mense geglo dat hulle hard moet werk om hulle plek in die hemel en ook vergifnis te verdien. As een van jou familieledede doodgegaan het, het jy wat nog gelewe het die kerk duur betaal sodat jou familie lid se sondes vergewe kon word en hulle uit die vagevuur kan gaan (hulle het gedink dis soort van 'n wagkamer voor jy hemel toe kan gaan) en in die hemele kon kom.*

Daar was toe 'n groep Christene, veral een man Martin Luther, wat gesê het: "Nee, dis nie wat die Bybel oor vergifnis sê nie." Hulle het gesê dat almal sondaars is, party mense is nie meer sondig as ander nie, en dat mens slegs vergewe kan word deur Jesus. M.a.w. slegs deur Jesus is dit moontlik dat ons kan glo en vergewe kan word. Ons kan niks uit ons eie doen om dit te verdien nie. Hy en sy vriende het toe hierdie nuus gaan verkondig en hy het ook die Bybel in Duits begin vertaal sodat die mense om hom dit self kon lees.

## Wat sê die Bybel?

Vandag lees ons uit Galasiërs 3:23-29

Deel vir die groep die vertaling uit sodat hulle kan volg en lees dit hardop.

*<sup>23</sup> Die wette was vir ons soos 'n wag. Dit het ons toegesluit en opgepas totdat God gesê het dit is nou die regte tyd vir mense om in Christus te glo.<sup>24</sup> Die wette het ons opgepas soos 'n mens 'n kind oppas wat nie vir homself kan sorg nie. Die wette het ons opgepas totdat Christus gekom het. Toe het ons in Hom geglo, en God het ons vrygespreek van ons sondes.<sup>25</sup> Nou glo ons in Christus en daarom is dit nie nodig dat die wette ons moet oppas nie. <sup>26</sup> Julle almal is kinders van God, want julle glo in Christus Jesus.<sup>27</sup> Julle is gedoop en julle is nou by Christus. Christus is nou so naby julle soos die klere wat julle aantrek. <sup>28</sup> Party van julle is Jode en party is Grieke, party van julle is slawe en party is nie slawe nie, party van julle is mans en party is vroue. Maar dit alles maak nie meer saak nie, want julle behoort almal saam aan Christus Jesus, julle is een.<sup>29</sup> En as julle aan Christus behoort, dan is julle die kinders van Abraham en dan kry julle wat God belowe het. Ja, julle kry dit omdat God dit belowe het.*

## Besprekingspunte en Moontlike vrae?

- Dink julle daar is vandag nog "wette" waaraan ons vashou omdat ons dink dis iets wat ons moet doen om aan Jesus te behoort?
- Dink julle daar is wel sommige wette of voorwaardes wat sin maak om te volg?
- Hoekom dink julle sê hierdie teksgedeelte dat die wette ons nie meer oppas nie, maar dat Jesus ons vrygespreek het?

## Afsluiting

Laat elke groepslid 'n gebedsversoek deel en bid vir mekaar.

## Vaslê aktiwiteit

Laat elke groepslid 'n spaarbussie maak wat hulle versier met die woorde: Vrygekoop deur Jesus. Google "kids money bank craft" vir maklike idees.



Get out  
of  
school  
card



**Wettige  
kar  
lisensie**



Wense  
vir 48  
uur



Jy gaan  
hemel  
toe! No  
questions  
asked